

3 NOVEMBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 119:17-32; EFESIËRS 1:15-23
FOKUSGEDEELTE: PSALM 119:18, 27

Wonders en bevele

Ons herinner ons die woorde van die Here (Gen. 3:19): “ Stof is jy, en jy sal weer stof word!” Ons siele kleef aan die stof. As gevolg hiervan gebeur dit dat ons siele soms wegdrup van kommer.

Wat nou gemaak? Die psalmdigter vra: “Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u wet.” Dit beteken: Bid om verligte oë van die verstand, om die verligende werking van die Heilige Gees, sodat ons diepere geloofskennis kan kry. Daar is ‘n verband tussen God se bevele en sy wonders. Wanneer God ons in sy bevele insig gee, breek dit vir ons die wêreld van sy wonders oop.

Die woord *bevele* dui op die “opdragte” van ‘n opsoekende *God wat omgee* vir die *mens*! God het sy volk besoek in die wonder van die vleeswording van sy Seun, Jesus Christus, en die daaropvolgende wonder van Pinkster.

In vers 25 en 31 het ons ‘n wonder, die wonder van die bekering en wedergeboorte. Ons sien die verandering wat hier plaasvind. *My aan-stof-verkleefde siel* kleef nou aan die getuienisse van die HERE!

Hoe het dit gebeur? Die HERE verruim my hart! Hy werk in my hart en open die oë van my verstand deur sy Heilige Gees en deur sy Woord, sy bevele, sodat hierdie siel (wat aan stof verkleef was) nou kan kleef aan die verbondseise van God!

Hy het beveel dat ons sal leef, ‘n dankbare liefdeslewe, volgens sy wil in alle goeie werke. En ons leef!

Sing: Psalm 71:2

Ds Faan Smit (Oos-Moot)